

**2 Kor 1:3-7**  
Sondag Laetare 06 Maart 2016

(Nuwe lewende Vertaling)

God, die Vader van ons Here Jesus Christus, word geprys!

Hy is die Vader van meelewing en die God wat in elke opsig bemoedig.

In al ons swaarkry bemoedig Hy ons. Hy doen dit sondat ons ook in staat sal wees om mense in al hulle swaarkry by te staan met dieselfde bemoediging waarmee God ons vesterk het. Net soos ons 'n oorvloed ontberings ter wille van Christus deurmaak, só beleef ons ook oorvloedige bemoediging deur Christus se bemiddeling.

As ons dus swaarkry, is dit ter wille van julle bemoediging en verlossing.

Want as ons God se bystand beleef, is dit sodat ons julle weer kan bemoedig.

So kan julle met volharding die ontberings trotseer wat ons ook moet deurmaak.

En ons verwagting was julle betref, staan op stewige bene: Ons weet dat net soos julle deel het aan die ontberings, julle ook só deel het aan die bemoediging.

(OuVert) **Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus**, die Vader van ontferminge en die **God van alle vertroosting**, wat ons **troos** in al ons **verdrukking**, sodat ons die wat in allerhande **verdrukking** is, kan **troos** deur die  **vertroosting** waarmee ons self deur God **getroos** word.

Want soos die **lyde van Christus** oorvloedig is in ons, so is ons **troos** ook oorvloedig deur Christus (Ps23).

Maar of ons **verdruk** word, dit is julle tot **troos** en redding; en dit laat sy werking blyk deurdat julle dieselfde **lyding** verduur wat ons ook ondergaan; en of ons **getroos** word, dit is julle tot **troos** en redding. En ons hoop vir julle is vas, omdat ons weet dat net soos julle deelgenote is aan die **lyding**, so ook aan die **troos**.

Liewe gemeente,

Veel eerder sou ek nou wens dat ons stilte-tyd hou en oor hierdie teksgedeelte mediteer. Soos talle van Paulus se inleidende gedeeltes van sy briewe is ook hierdie gedeelte soos gekonsentreerde koeldrank wat 'n mens maar met 5 dele water moet verdun voordat jy dit kan drink. Elke sinsgedeelte dra gewig en spel vooruit waarop hy later dan nog in sy brief sal uitbrei. Nietemin laat ons na hierdie verse kyk en ons lig uit:

- God – die Vader van ons Here Jesus Christus
  - God van ontferming
  - **God van alle troos** (dit is sy Naam)
- God troos ons
  - ons troos ander met dieselfde troos (dmv brief)
- \* **Die troos** is die troos waarmee Christus deur God die Vader vertroos is.
  - ons is vertroos deur God
  - ons vertroos ander met dieselfde troos
  - met die troos kom redding en hoop
  - ons is deelgenote in die troos (in Christus)

Vireers word vir ons die GOD beskryf wat ons seën: (sien skyfie)

Dan word gesê wat HY doen: God troos ons!

En ons troos ander ... dit doen Paulus deur middel van hierdie brief - Hy beskryf sy eie lyding, hy bemoedig, hy vermaan en berispe, hy verdedig, hy wys die gemeente op Christus.

Wat behels hierdie troos verder? Ons dink aan Christus in die tuin van Getsemane toe hy deur 'n engel vertroos is. Die troos kom van God af. Ons het iets wat geen ander godsdiens of mens het nie - daarmee troos ons ander. Daardeur kom redding en hoop op die opstanding van Christus uit die dode. Ons het opstandingslewe!

- Julle verduur baie lyding / verdrukking
- Ons verduur baie lyding
- Christus verduur baie lyding
- Ons dra die lyding van Christus aan ons eie liggaam
- Ons is deelgenote in julle lyding

Soos ons deelgenote in lyding is,  
is ons ook deelgenote aan die troos.

#### Lyding =

- **sosiale veragting, verwerping, kritiek, hofsake om Christus ontwil**
- **liggaamlike gebrek soos honger, siekte, koue, pyn, steniging, dood ...**
- **geestelike aanvegtinge soos angs, verraad, eensaamheid, twyfel ...**

#### Troos = paraklesein

- **om saam te stap, saam ly, instaan vir, verdedig, toegewyde solidariteit, hoop**
- **ontferming en redding deur Christus**
- **deelgenootskap, gemeente, gebed, vermaning**

Vervolgens merk ons op hoe baie die woord “ons” gebruik word, 11 kere. En “julle”, 3 keer. Paulus het die gemeente te Korint gestig en wil hulle verder begelei. Ons volg die argument in volle eenheid en eensgesindheid as geloofsgemeenskap wat bestaan in deelname in Christus. Dit is die hele Christus in wie ons deel - sy lyding, kruisdood en opstanding.

En dan die woordpaar (nie teenoorgesteldes nie) van LYDING en TROOS.

Lyding ervaar Paulus veral tov die mense om hom

- dit is die heidene wat hom aanvat,

-dit is sy volksgenote, die Jode wat hom om die lewe wou bring.

- En dit is gemeentelede wat ontslae van hom wou raak dmv belastering, valse beskuldigings (21 beskuldigings in die 2de brief) en verraad, misleiding van die gemeente, ens.

Lyding ervaar Paulus aan sy eie liggaam ...

En lyding beskryf Paulus in sy eie gemoed ...

**Maar 10 keer word die woord “troos” uitgelig.** Dit is waaroor dit gaan: Die God van alle troos!

Die Griekse woord paraklesien herinner aan die Naam wat die Heilige Gees ook het “Parakletos”. Jesus belowe: Ek sal vir julle die Tooster stuur wat julle in alle waarheid sal lei. Hy is die Ene wat aan ons sy kom en ons begelei.

Nêrens sien lees ons dat God sy kinders van alle euwel sal vrywaar nie maar dat Hy hulle in alle aanslae van die bose sal bewaar, beskerm, begelei. En dit weet ons omdat God *die Vader van barmhartigheid* is - ons kry iets wat ons nie verdien het nie. Hy ontferm Hom oor ons en Hy skenk ons redding weens Christus se versoeningsdaad aan die kruis.

En laastens soos ons na die teksgedeelte kyk, merk ons op hoe die troos van God met mekaar gedeel word: deur deel te hê aan lyding (een van die kenmerke van die christelike kerk). Die troos kom tot uiting binne in die geloofsgemeenskap; daar is geen “only rangers” in die gemeente nie, maar ons deel in mekaar se lewe. Verder beskryf Paulus: ons is in Efesus gered uit die kloue van wilde diere omdat julle vir ons gebed het - dus gebed speel ’n baie belangrike rol in die wederkerige vertroosting. En uiteindelik noem Paulus al hierdie dinge omdat hy later in sy brief op die al die beskuldigings en wanpraktyke van die gemeente teen hom sal ingaan (iemand het 21 aanklagte teen Paulus getel in die 2de brief). Hulle sal dus nog harde woorde van Paulus hoor. Dit mag wees dat van hulle baie bedroef sal raak wanneer Paulus hulle misstande uitlig - berou en bekering maak seer, ja, maar dit geskied mos ten goeie sodat die alledagse lewe sal verbeter en hulle houding en gedagtes geheilig sal word. Dus in alle liefde en fermheid sal die vermaning kom, waarvoor Paulus reeds aan die begin na die troos verwys waarbinne die vermaning geskied.

Liewe gemeente, Paulus weet: dit is nou krisistyd. Nou moet die Evangelie homself as *Evangelie* bewaarheid. Nou sal dit duidelik word wat die ware inhoud van die Evangelie van Jesus Christus is. Nou is die tyd van waarheid. Hy sal ons almal vertroos met die troos wat slegs die gekruisigde en verrese Here Jesus Christus kan gee.

Ken jy sulke besondere oomblikke?

*Krissis* beteken in die Nuwe Testament dié geleentheid waar die heil van God nou bemiddel word. Hier gryp God in. Óf jy laat dit toe dat jy op daardie oomblik gegryp word, óf die genadetydperk sal verbygaan sonder dat jy daaraan deel het. *Krissis* is die fase van geleentheid. Soos die brief aan die Hebreërs byvoorbeeld uitlig: Nóú dat die Woord van genade aan julle gepreek word, gryp dit aan met altwee hande want die Woord van God is skerper as ’n swaard met twee snykante en dring deur tot murg en been.

Ken jy sulke oomblikke van intense nood en soeke na 'n houvas, na troos?

Wat sê God deur Psalm 51:15 “*Roep my aan in die oomblik van benoudheid, en Ek sal jou uithelp en jy sal my prys.*” Paulus begin met lofprysing want Paulus self het tientalle kere al beleef hoe God vertroos. Nee, God het nie die oomblik van benoudheid sommer weggeneem nie. God het alle vyande nie met 'n weerligstraal uitgewis nie. God het nie alle omstandighede in 'n oogwink verander nie. En wanneer ons lees dat tot 150.000 Christene wêreldwyd elke jaar weens julle geloof gedood of vervolgd word, dan weet ons dat God ook lyding en swaarkry toelaat. Maar dit is juis in die fase van benoudheid dat God ons ook met alle hemelse troos wil vertroos.

In ons gemeente het ons die afgelope tyd heelwat nuus ontvang van mense met doodelike siekte en nood. Ons weet dat troos op baie maniere kan kom. Hulp en bystand verleen jy as jy iemand help - soos die vlugtlinge in Europa: daar word tente opgerig, kos en water voorsien, mense word gesoek en versorg, gesinne word weer herenig, vredes pogings word aangewend om oorloë te stop, ens. Dit is ook goed en reg so. Wanneer iemand honger is, is die eerste hulp wat gegee word om aan die fisiese nood bystand te verleen.

Maar die lofprysing waarmee Paulus begin spruit ook uit die innerlike hulp wat hy ervaar het.

So verduidelik Paulus verder in 2 Kor 1:8-11 dat hulle in doodsgevaar was. Hulle het reeds gedink dat daar geen uitkomkaans sou wees nie en dat hulle sekerklik sou moes sterf. Maar hulle vertrou was op die Here God wat selfs uit die dood kon opwek. Hoe weet Paulus dit? Omdat God ook vir Christus uit die dood opgewek het. Die opstanding van Christus was sy hoop. Het God dit met *Christus* gedoen, dan sal God dit ook met Christus se *dissipels* doen. God kan en sal uit die dood opwek. Nou was Paulus se hoop geheel en al weg van die nood en op Christus gevestig. En daaruit spruit die troos wat alle verstand te bowe gaan.

Ken jy sulke oomblikke van troos wat alle verstand te bowe gaan?

En as jy dit ken, dan is jy toegerus om diegene te help wat in verdrukking is. Let op hoe die lot van Paulus oorvleul met die nood van die gemeentelede. Let op hoe is die troos wat Paulus ervaar, verweef met die troos wat die gemeente ervaar. Soos reeds gesê: Paulus praat in die eerste lyn van die troos wat Christus gee. Hý is die Ene wat nie net simpatie het nie - het hulle dan vir Christus vervolgd en gemartel, dan weet Christus presies wat swaarkry en seerkry beteken. Christus ken alle pyn en tranes wat mense moet deurmaak. Maar meer nog: Paulus weet dat daardie lyding van Christus ten voordeel van ons mense gebeur het. Uit die puine van menslike ervarings, uit die katastrofe van die kruis het God nuwe lewe laat spruit. Uit die dood het Christus opgestaan - en so het ook Paulus “uit die dood” opgestaan. Dit is 'n eksistensiële, werklik en geestelike ervaring wat vir tyd en ewigheid geldig is. Só sal ook diegene wat aan Christus behoort weer tot nuwe lewe geroep word.

Ja, dit is te min as troos slegs in die vorm van fisiese hulp sou wees. Dit is die Evangelie wat verkondig moet word, want *deur die Woord van God* kom God self aan die woord. En daarom wil Paulus ook die feit van die opstanding van Christus uit die dood aan die gemeente meedeel - daarin lê die troos verborge wat alle verstand te bowe gaan. En ek gebruik doelbewus die woord *verborge*, want die Woord van God werk nie soos 'n suksesformule nie; dit is nie 'n towerspreuk of 'n Bybelvers wat 'n mens maar net gee en dan is die troos outomaties daar nie. Nee, die Evangelie se krag lê in God self opgesluit - Hy vul sy woorde met die Gees op sy tyd en op sy manier.

Diegene wat hierdie troos al ervaar het, weet waarvan nou gepraat word. Immers word hierdie teksgedeelte ook vir ons gegee sodat ons voorbereid sal wees dat wanneer die krissis kom, ons daarvan weet: nou wil God Homself as die Vader van alle troos bewys. Mag ek raad gee vir wanneer óf jyself deur leed getref word, óf wanneer jy iemand ontmoet wat deur leed ten gronde verpletter word.

Ten eerste moet jy daar wees. As iemand gesterf het, as 'n motorongeluk vir iemand in 'n skoktoestand verplaas, dan wees daar. Gee ondersteuning so ver as wat jy kan: Maak kos, help met die organisasie van die oomblik wat nodig is. Huil met diegene wat huil, gee omhelsing, aanraaking en die versekering dat jy daar is. Met hierdie daarwees, wil jy ook aandui dat God daar is. Die persoon in krisis is nie alleen nie (parakliseen). Verdra die pyn, die tranes, die woede en droefheid.

Ten tweede moet jy wat hulp en bystand bied, bid. Gebed is waarvan Paulus so oorvloediglik praat. Ons het vir julle gebed, skryf Paulus, dat julle vertroos sal word. En julle het vir ons gebed dat ons standvastig sal wees. En so het dit dan ook gebeur dat God ingegryp het. Gebed is die erkenning dat ons nie in beheer is nie. God sal help - en ons doen 'n beroep op God se beloftes: Here help! Help my om die regte woorde op die regte tyd te sê; help my om op die regte manier bystand te lewer sodat u Naam geheilig sal word.

En derdens: as dit tyd reg is, gee getuigenis van wat jy ervaar het en wat jy glo, reg is. Gewoonlik neem dit 'n paar dae, selfs 'n week of twee later voordat so iemand wat in intense nood verkeer, weer toeganklik is vir woorde van troos. God sal vir jou wys wanneer om jou mond oop te maak. En as jy self nie woorde het nie, maak gebruik van Psalms en sekere Bybelverse. Memoriseer hulle, leef self uit die Woord van God sodat jy op die regte tyd aan hulle herinner kan word. God sal jou woorde met inhoud vul. Moenie besorgd wees dat jy nou nie 'n hoogleraar en teoloog is nie - die Gees sal jou in alle waarheid lei. (En so terloops - gee gerus ook vir jou predikant bemoedigende woorde!)

Dit is die woord *van buite jouself* in jou lewe ingesprek word, wat kragtig aan die werk is. God gebruik medechristene as engele om jou te vertroos. En ook jy mag engeldienste aan ander verrig deurdat jy opstaan, betrokke is en die troos oordra wat alle verstand te bowe gaan.

Daar lê **seën in lyding**, liewe gemeente. Soos ek al by vorige geleenthede gesê het: Nie dat ons lyding soek en ons op roem nie, maar God vorm ons deur lyding.

Hy bewaar ons voor hoogmoed;

Hy dryf ons na Hom toe om Hom te soek en van Hom hulp en verlossing te verwag;

Hy bind ons aanmekaar deur deel te hê in mekaar se lyding;

Hy vorm ons gedagtes deur toe te laat dat 'n worstelstryd ontstaan;

Hy openbaar sy opstandingskrag juis daar waar verval en dood is; en

Hy kweek in ons die hoop op die opstandingslewe in Christus.

(Daar's nog baie meer punte in hierdie brief opgesluit, maar dis genoeg vir vandag).

Ek sluit af weer met die verse

*Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! In elke moeilikheid bemoedig Hy ons. Daarom kan ons ook ander bemoedig wat in allerlei moeilikhede verkeer.*

*En wat julle betref, het ons 'n vaste verwagting: ons weet dat net soos julle saam met ons deel het aan die lyding, julle ook aan die bemoediging deel het. Amen.*

En mag die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, julle harte en sinne bewaar in Christus Jesus, onse Here. Amen.